

Shark Spotters werk weer in Plet ná ’n nuwe ooreenkoms

Jackie Kruger

Die haaiyk-organisasie Shark Spotters het sy dienste in Plettenbergbaai amptelik hervat, net betyds vir die somerseisoen.

Shark Spotters se haaiyk-bedrywighede in Plettenbergbaai is van 1 Julie opgeskort, nadat ’n nuwe memorandum van ooreenkoms met die Bitou-munisipaliteit in daardie stadium nog nie gefinaliseer was nie. Dit het meegebring dat geen haaiykers tot verdere kennisgewing amptelik op Plettenbergbaai-strande aan diens was nie.

Die organisasie het egter be-

kend gemaak die ondertekende memorandum van ooreenkoms met die Bitou-munisipaliteit is op 5 Oktober ontvang en sy dienste word dus hervat. Voor dit het die organisasie se haaiykers diens gedoen danksy hulp en borgskappe van sakeondernemings en die gemeenskap.

Volgens Shark Spotters formaliseer die nuwe ooreenkoms die voortgesette vennootskap tussen die organisasie en die munisipaliteit. Dit stel die organisasie ook in staat om voort te gaan met sy haai-veiligheidsbedrywighede in Plettenbergbaai.

Shark Spotters sê vir Oktober

sal sy haaiykers daaglik van 07:30 tot 16:30 op die Sentraalstrand en The Wreck-strand aan diens wees. Volgens die organisasie is die mikpunt om van November tot April, in die besige somerseisoen, sy bedrywighede by vyf strande voort te sit.

Hoewel munisipale finansiering tot die program bydra, moet personeelkoste steeds deur ekstern finansiering gedek word. Shark Spotters se vermoë om dekking by die strande te handhaaf en uit te brei, hang dus af van borgskappe, skenkings, vennootskappe en ondersteuning van die gemeenskap.

Die organisasie se langtermyn-doelwit is om voldoende finansiering te bekom om haai-waarnemingsdienste deur die hele jaar by vyf strande te handhaaf en sodoende ’n konsekwente haai-veiligheidsdiens aan die gemeenskap en besoekers van Plettenbergbaai te lewer. Die Shark Spotters-program skep verder plaaslike werkseleenthede en dra terselfdertyd by tot haai-monitering, navorsing, opvoeding en bewaring.

Die Bitou-munisipaliteit het bevestig dat die ooreenkoms met Shark Spotters gesluit is. Volgens die munisipaliteit bly hy

verbind tot die voortsetting van die program en om met Shark Spotters saam te werk binne die toepaslike wetgewende en institusionele raamwerk.

Die munisipaliteit het ook die belangrike rol wat Shark Spotters speel in die bevordering van strandveiligheid erken. Die munisipaliteit het verder waardeering uitgespreek vir die feit dat, ten spyte van vroeëre aanduidings van ’n moontlike onttrekking van dienste, Shark Spotters voortgegaan het om te werk en sy dienste aan strandgebruikers te verskaf. Die munisipale raad ondersteun die program deur die

munisipaliteit se toelaeeleid. Die finansiële bydrae bly ook onderhewig aan die Munisipale Finansiële Bestuurswet.

Melissa Nel, programbestuurder van Shark Spotters in Plettenbergbaai, het gister gesê die huidige ooreenkoms dek steeds die oorspronklike tydperk van 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2027, ten spyte van die vertraging met die finalisering en ondertekening daarvan. “Ons hoop dat ons gedurende hierdie tydperk met die Bitou-munisipaliteit kan saamwerk om ’n nuwe langtermyn-ooreenkoms te sluit voordat die huidige een verstryk, wat groter

stabiliteit en kontinuïteit vir die program sal bied.”

Die Plett Shark Spotter-program het in November 2022 tot stand gekom toe haaiykers aangestel is ná twee noodlottige aanvalle in die see by Plettenbergbaai. Kimon Bisogno van Observatory is in September 2022 deur ’n haai doodgebyt toe sy in die see by die Beacon Isle-hotel by die Sentraalstrand geswem het. Einde Junie 2022 is Bruce Wolov, ’n makelaar van Johannesburg, ook dood nadat hy deur ’n haai gebyt is toe hy by die Sanctuary-strand duskant Robberg geswem het. – [jkruger@24.com](#)

US-STUDENT:

‘KI is nog nie vir Afrikatale toegerus’

Stefani Terblanche

“Wanneer mens Engels, Afrikaans of Europese tale soos Frans gebruik, sal kunsmatige intelligensie (KI) vir jou die perfekte antwoord gee. Maar met Afrikatale soos isiXhosa, Venda, isiZulu – KI is nie daarvoor toegerus nie.”

So het Siphumeze Sylvia Tshongweni, vierdejaar-BED-grondslagfasestudent aan die Universiteit Stellenbosch (US) vandeeweek gesê in ’n Woordfees-gesprek met die titel “KI praat almal se taal en niemand s’n nie”.

Tshongweni sê op universiteit het sy die eerste keer toegang tot digitale hulpmiddels soos KI gekry.

“Ek gaan dit erken, ek het in my eerste jaar ’n taak met behulp van die kletsbot ChatGPT gedoen. Ek het my opstel daarvoor gegee en gevra om die woorde in mooi woorde te verander wat my soos ’n intelligente mens sal laat klink. Ek het ’n goeie punt behaal.”

Tshongweni sê dit was egter nie die geval toe sy dieselfde opdrag aan ChatGPT vir ’n taak in isiXhosa gegee het nie. “Ek het 19% gekry. En my lektor het my ingeroep en gevra of ek KI gebruik het. Ek het erken dat ek het.”

Die ervaring het haar gewys dat KI nog lank nie “almal se taal” praat nie.

Tshongweni sê daar is min-



Lize-Mari Doubell, ’n vennoot by Webber Wentzel, Siphumeze Sylvia Tshongweni, vierdejaar-BED-grondslagfasestudent aan die Universiteit Stellenbosch (US), Marguerite van der Waal, hoof van taaldienste en dosent aan die US-taalsentrum, en Ashwin Thyssen, junior dosent in die geskiedenis van die Christendom en Kerkreg aan die US se teologiefakulteit, in die Woordfees-gesprek ‘KI praat almal se taal en niemand s’n nie’.

Foto: STEFANI TERBLANCHE

der KI-modelle wat Afrikatale gebruik om te leer, en selfs dan is daar beperkte inhoud wat in Afrikatale gepubliseer is vir die KI om van te leer.

Marguerite van der Waal, hoof van taaldienste en ’n dosent aan die US-taalsentrum, sê KI is sterk ontwikkel vanuit ’n perspektief van die globale noorde. “Ons werk dus met tale soos Engels, en selfs Afrikaans tot ’n mate omdat dit ’n Germaanse taal is wat by Germaanse modelle aansluit.”

Van der Waal sê daar is te min gepubliseerde tekste in tale soos Xhosa en Zoeloe.

“Daar is talle studies daaroor; ’n kollega van ons het byvoorbeeld ’n artikel met die titel “Decolonizing Algorithms” gepubliseer, wat berus op die uitgangspunt dat die modelle nie vir Afrikatale ontwikkel is nie.”

Van der Waal sê Google Translate kry dit nie eens reg om ’n teks korrek van Afrikaans na Engels te vertaal nie, met verskeie foute wat onder meer by die voor- en agtervoegsels inkruipt.

Sy sê wanneer die modelle dus opgelei word, moet daar iemand wees wat die taal ver-

staan wat die data invoer.

“As daar nie iemand is wat die taal goed ken nie, sal die betekenis verlore gaan as jy die stelsel bloot rondom ’n model bou.”

Minder afhanklik van KI

Tshongweni sê sy dink nie mense wat Afrikatale praat, veral dié waarvoor daar nie soveel teks vir KI-opleiding beskikbaar is nie, maak noodwendig so baie op KI staat nie.

“Dit kan immers verkeerde antwoorde lewer, en uiteindeelik moet ’n mens self die werk doen, so dit is dalk beter om

nie eens daarmee te begin nie.”

Wyl sy die voordeel van KI en digitale hulpmiddels insien, sien sy ook ’n voordeel daarin dat sy nie so afhanklik daarvan is nie, “aangesien KI ’n mens se natuurlike kreatiwiteit kan ondermyn”.

“Die gebrek aan hulpbronne vir KI in hierdie tale is dus aan die een kant nadelig, maar aan die ander kant ook voordelig. Dit wys egter ook dat daar meer tekste in Afrikatale gepubliseer moet word en dat KI vir toekomstige geslagte ogelei moet word.”

Sy sê mense wat Afrikatale praat, moet probeer om meer Afrikatale in die akademiese wêreld te bevorder en meer tekste en artikels in dié tale te skep.

“As daar meer gepubliseerde artikels en tekste is, sal KI iets hê om mee te werk.”

Van der Waal sê daar is wel projekte wat op KI-ontwikkeling vir Afrikatale fokus. Een so ’n projek is Masakhane wat oopbrons hulpmiddels vir natuurlike taalverwerking (NLP) en KI vir Afrikatale ontwikkel.

“Die toekoms vir Afrikatale kan net rooskleuriger word; daar is immers nou mense wat daarop fokus om in daardie tale te skryf en meer te publiseer. Ek hoop hulle skep ook oopbrontekste daarvoor.” – stefani.terblanche@media24.com



Die dooie luiperd destyds in die vanghok.

Foto: LANDMARK LEOPARD & PREDATOR PROJECT SOUTH AFRICA/FACEBOOK

Boer met R60 000 beboet ná luiperd se dood aan dehidrasie

Jackie Kruger

’n Boer is opgeskorte boetes van altesaam R60 000 opgelê nadat ’n luiperd in 2020 in ’n vanghok op sy plaas in die Uniondale-gebied gevang en aan dehidrasie dood is.

Die voorval het in Augustus 2020 gebeur. André Barnard is in Mei vanjaar skuldig bevind op ses aanklagte kragtens die Natuurbewaringsordonnansie en die Wet op Dierebeskerming.

CapeNature het vroeër gesê een van sy bewaringsbeampies het in samewerking met die polisie in Oudtshoorn se eenheid wat met veediefstal en bedreigde spesies werk, die voorval op die plaas Toorwater in Uniondale ondersoek.

Dit het gevolg nadat hulle op 26 Augustus 2020 ’n verslag van ’n bekommerde lid van die publiek ontvang het. ’n Dooie luiperd is in ’n vanghok gevind, met verdere ondersoek wat daarop gedui het dat die dier aan dehidrasie gevrek het, is vroeër berig.

Luiperds is ’n beskermde spesie ingevolge omgewingswetgewing en die toproofdier in die Wes-Kaap se natuurlike omgewing wat ’n belangrike rol in die struktuur en werking van ekosistels speel, sê CapeNature.

Barnard het Woensdag weer in die streekhof in Thembalethu, George, verskyn.

Hy is tot ’n boete van R40 000 of twee jaar gevangenisstraf gevonnis, wat ook in geheel vir vyf jaar opgeskort op voorwaarde dat hy nie in dié tydperk aan ’n soortgelyke oortreding skuldig bevind word nie.

Hy is verder op vier aanklagte kragtens die Wet op Dierebeskerming tot ’n boete van R20 000 of een jaar gevangenisstraf gevonnis, wat ook in geheel vir vyf jaar op dieselfde voorwaarde opgeskort is.

CapeNature het gister gesê hy verwelkom die vonnis. Die Landmark-stigting, ’n organisasie wat hom beywer vir die bewaring van luiperds en wat die hofspraak nougeset gevolg het, het egter in ’n verklaring onder meer gesê dit is ’n “skandelik ligte vonnis” en ’n “mislukking in wettoepassing rakende biodiversiteit”.

Volgens die Trust vir Bedreigde Natuurlewe se jongste rooilys (2025) word die spesie as kwesbaar gelys as gevolg van die algehele lae bevolkingsgrootte en geraamde voortgesette afname in bevolking. – [jkruger@24.com](#)

Lesersfoto's



“Die tweetjies geniet die laaste strale van die sonsondergang by Elandsbaai” skryf Hester Rossouw.



Vanessa Rossouw van West Beach het onlangs om 06:15 in die woonbuurt tussen die duine, op pad na die strand gaan stap. Sy noem die foto ‘Waar die oggend asem skep’. Sy sê die lug was vroegoggend ’n pragtige skakering van pienk. Links: Ina van Leeuwen se Baloo, ’n borderkolle (nou sewe maande oud), se eerste vakansie by die see in Bettysbaai toe hy vier maande oud was.

OAKWOOD | HUGHENDEN | MEADOWS
COMMUNITY IMPROVEMENT DISTRICT

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Oakwood Hughenden Meadows Community Improvement District NPC (OHMCID) gaan ’n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ’n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/2028

Datum: 03 November 2026
Tyd: 17h30
Plek: Droomfabriek, 6 Riverside Terrace, Houtbaai

Net bona fide-lede van die OHMCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die OHMCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 23 Oktober 2026 geregistreer wees.

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.ohmcid.co.za of bel 082 921 4231

Detail, Roy Lichtenstein, Portrait, from the Brushstroke Figures series; R 350 000 - 450000

AANDVEILING:
Internasionale Aanbieding

REGSTREEKSE VIRTUELE VEILING
Dinsdag, 20 Oktober 2026 | 7 nm

Besigtig alle veilings www.straussart.co.za